



AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search

<http://ageconsearch.umn.edu>

aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

ANTWOORD:

PRYSBELEID IN DIE MIELIEBEDRYF: EFFEKTE VAN PRYSSENSITIWITEIT, INTERAFHANKLIKHEID EN RELATIEWE INKOMEVERSKUIWINGS

[Answer: Price policy in the maize industry: effects of price sensitivity, interdependence and relative income shifts].

Johan van Zyl
Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Pretoria, Pretoria

In 'n vorige artikel (Van Zyl, 1990) is aangetoon dat die Mielieraad se prysbeleid nie markrealiteite genoegsaam in ag neem nie. In sy kommentaar hierop is Davel (1990) van mening dat die oorspronklike artikel spreek van veralgemenings, misleidend is en spreek van gebreke, foute en leemtes, waarop in die kommentaar gekonsentreer word.

Elkeen van die aspekte waarmee Davel (1990) verskil word vervolgens kortliks toegelig ten einde groter duidelikheid te kry.

1. Die artikel (Van Zyl, 1990:109) stel duidelik en eksplisiet dat prysbeleid slegs een van die beskikbare bemarkingsinstrumente is. Dit word gevolglik erken dat ander instrumente ook 'n rol speel in mieliebemarking. Prysbeleid speel egter ook 'n rol en soos reeds bewys (Van Zyl, 1986a; 1986b; 1990; Payne, 1989; Nieuwoudt, 1983), is hierdie rol van belang spesifiek in die geval van geelmielies. Die titel van die artikel is voorts ook nie misleidend nie deurdat eksplisiet gestel word dat die verbruik van witmielies minder sensitief is vir prysveranderinge (p.108).
2. Davel (1990) is die mening toegedaan dat geen konkrete bewys gelewer word dat die Mielieraad markrealiteite nie genoegsaam in ag neem by prysbepaling nie. Die artikel (Van Zyl, 1990) is egter juis daarop gemik om aan te toon dat die prysbeleid t.o.v. geelmielies naby aan reg is indien 'n korttermyn beskouing geneem word, maar dat markrealiteite soos aangetoon impliseer dat die prysbeleid aangepas moet word oor die medium tot lang termyn (p.112). Die artikel neem ook wel deeglik in ag dat gerealiseerde geelmieliepryse aansienlik laer is as lyspryse, juis vandaar die gevolgtrekking dat prysbeleid oor die kort termyn nie vër uit is nie.

Dit is verder onverstaanbaar hoekom Davel (1990) reken dat die stelling dat die dierlike vraag na mielies 'n afgeleide funksie van die vraag na dierlike produkte is, slegs gedeeltelik waar is. Vraag na die eindprodukt is tog 'n belangrike komponent van die vraag na intermedieë produkte. In die bepaling van die elastisiteite word juis 'n wye reeks van vraagfaktore in berekening gebring.

3. Davel (1990) redeneer dat die basis van die artikel verval deurdat die Mielieraad nie oor die inligting in Tabel 1 (p.109) beskik nie. Die artikel (Van Zyl, 1990) gebruik egter juis die amptelike prysaanhouding van die Mielieraad (Mielieraad, 1989), as vertrekpunt waarop die gegewens in Tabel 1 afgelei word deur gebruikmaking van die relevante elastisiteite. Die doel is juis om die verskillende scenario's te skets. Die skrywer kan immers nie verantwoordelik gehou word vir die feit dat die

Mielieraad, wat al vir die afgelope vyf dekades vasgestelde mieliepryse aanbeveel, en sedert 1987 self vasstel, hulself nie van die moontlike opsies en alternatiewe vergewis nie.

4. Davel (1990) se kritiek teen die gebruik van elastisiteite is ongegrond en versterk juis die standpunte van Van Zyl (1990). Soos getoon bevestig Payne (1989) se ontledings wat gebaseer is op die periode 1985-1987 die ordegrootte van elastisiteite wat in vroeëre studies (Van Zyl, 1986a; 1986b) gerapporteer is. Indien daar egter groter mededinging, ens. is soos Davel (1990) beweer sal die pryselastisiteite verhoog wat die gevolgtrekkings van Van Zyl (1990) aansienlik versterk.
5. Die grondomskakelingskema het wel 'n direkte effek op 'n markverwante mielieprys. 'n Mark bestaan uit beide vraag en aanbod. Indien oesgroottes, uitvoerhoeveelhede en pryse geïgnoreer word in die bepaling van verbruikerspryse van mielies kan nie van 'n markverwante prys gepraat word nie. Die artikel (Van Zyl, 1990:111) toon juis dat die grondomskakelingskema deels 'n poging is om die gevolge van 'n foutiewe prysbeleid reg te stel, eerder as die oorsake daarvan. In hierdie sin vorm dit wel deel van die konteks van die artikel.
6. Ten slotte is Davel (1990) van mening dat die Mielieraad wel die aanbevelings van die artikel in die praktyk tot uitvoer bring. Davel (1990) sluit egter af deur te sê dat die gevolgtrekkings van die artikel foutief is. Hierdie twee stellings rym duidelik nie. Stygings in verkoopsvolumes van mielies die afgelope twee jaar is juis deels die gevolg van implementering van hierdie gevolgtrekkings, soos ook deur Davel (1990) erken word. Dit is 'n duidelike bewys dat die gevolgtrekkings wel meriete het.

Verwysings

- DAVEL, JAH. (1990). Kommentaar: Prysbeleid in die mieliebedryf - Effekte van prys sensitiwiteit, interafhanklikheid en relatiewe inkomewerskuiwings. *Agrekon*, Vol 29, No 3.
- MIELIERAAD. (1989). Die feite van mieliebemarking vir 1989/90. Ongepubliseerde dokument, Mielieraad, Pretoria.
- NIEUWOUDT, WL. (1973). The maize/meat price gap. *Agrekon*, Vol 12, No 4.
- PAYNE, L. (1989). Statistiese ontleding van die vraag na mielies in die RSA. Ongepubliseerde navorsingsverslag. Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Pretoria.

Agrekon, Vol 29, No 3 (September, 1990)

Van Zyl

VAN ZYL, J. (1986a). 'n Statistiese ontleding van die vraag na mielies. *Agrekon*, Vol 25, No 3.

VAN ZYL, J. (1986b). Faktore wat die binnelandse vraag na mielies bepaal. *Mielies/Maize*, No 71 (Sept 1986).

VAN ZYL, J. (1990). Prysbeleid in die mieliebedryf - Effekte van pryssensitiwiteit, interafhanklikheid en relatiewe inkomerverskuiwings. *Agrekon*, Vol 29, No 2: 108 - 112.